





Kommuniste Probeer 'n Set Met Spanje

Die Poolse bewerings, as sou Spanje beskerming verleen aan Duitse wetenskaplikes wat met atombom-navorsings besig is, word as deel van 'n internasionale kommunistiese veldtog bestempel, in 'n verklaring wat deur die Spaanse regering uitgereik is, berig Sapa-United Press.

Pole het nl. 'n versoek gerig aan die Veiligheidsraad om die hele Spaanse kwessie te bespreek op grond daarvan dat Duitse atoom- en vuurpylwetenskaplikes in Spanje aan die werk is en die wêreldvrede bedreig word.

Die V.S.A. en Brittanje het blyke van gewilligheid geopenbaar om die saak te laat bespreek en om teen Spanje op te tree indien die Poolse klag bewys kan word.

Die Spaanse regering nooi nou alle lede van die Verenigde Volke wat verteenwoordigers in Spanje het, uit om tegniese deskundiges na enige Spaanse fabriek te stuur om hulself te oortuig dat geen atoomnavorsing gedoen word nie.

Die bevindings sal openbaar gemaak word.

Alle diplomatieke kringe meen

RUSSE WEIER SAMEWERKING

Dooiepunt In Parys

Die Verenigde State, Brittanje en Frankryk gaan miskien aparte vredesverdrae sluit met Duitsland se voormalige bondgenote, Italië, Hongarye, Boelgarye en Roemenië, berig Sapa-Reuter na aanleiding van hardnekkige berigte oor die mislukking van die byeenkoms van buitelandse ministers van die vier grootmoondhede in Parys.

As gevolg van Rusland se onversoenlike houding is dit moontlik dat die drie bondgenote alle samewerking met Rusland sal staak t.o.v. bogenoemde aangeleentheid.


Volop Brood In Engeland

Clinton Anderson, Amerikaanse minister van landbou, het verlede week bekend gemaak dat Engeland versoek is om tydelik afstand te doen van besendings koring uit Kanada en om toe te laat dat sy huishoudelike koringvoorrade verder verminder word, ten einde te voldoen aan dringende behoeftes in Europa. Brittanje het hom slegs daartoe bereid verklaar op voorwaarde dat dit weer aangevul word uit Amerika se oes wat in Junie en Julie ingesamel word.

In Engeland word brood nog nie gerantsoeneer nie, en die Britse regering weier om dit te doen, tensy Amerika, wat 'n produserende land is, dieselfde doen.

dat dit vir Pole uiters moeilik sal wees om te bewys dat Spanje die wêreldvrede bedreig.

Voorwerp van Agitasie



Amerika en Engeland, wat begin bang word vir Russiese imperialisme, maar nou magtelos meegesleep word deur die vloed wat hulle gehelp ontketen het, is teësinig deur die Poolse en Franse kommuniste, gesteun deur Rusland, ingesleep in die bespreking deur die Veiligheidsraad van die Franco-bewind in Spanje hierdie week. Franco het Spanje van die kommunisme bevry na 'n bloedige burgeroorlog. Op die foto staan genl. Franco heel regs besig om 'n model te besigtig van die Alcazar-vesting wat tydens die burgeroorlog swaar aangeval was deur die kommunistiese magte. Die bemanning het egter uitgehou totdat hulp opgedaag het

Sien Geen Vooruitsig In Staatsdiens

Oud-soldate is glad nie begerig om tot die staatsdiens toe te tree nie. Hulle kry wel vergoeding vir hulle militêre diens, maar dit maak geen merkbare verskil in hulle inkomste nie omdat die betaling in die diens besonder laag is. 'n Soldaat wat vyf jaar vergoeding ontvang vir sy militêre diens, begin met 'n salaris van £200 per jaar in die posdiens. As gevolg van die swak betaling het daar net 15 oud-vrywilligers aansoek gedoen om toegelaat te word as pos- en telegraaf-assistente. Die departement het gemeen dat hulle aan minstens 90 persone werk sal kan verskaf.

Uit die memorandum wat hierdie week op die kongres van die Staatsamptenare in Kaapstad ter sprake was, blyk dat daar groot onreëlmatighede in die diens voorkom. In drie departemente het die verlof van sommige amptenare opgeloo

Die Britse regering het verlede week die Gesamentlike Voedselraad in kennis gestel dat hy **BEREID IS** om brood in Engeland wat 'n **IN-VOERLAND** is, te **RANTSOENEER** MITS Amerika, wat 'n produserende land is, dieselfde doen.

In die senaat van die Unie het 'n senator verlede week gepleit dat brood gerantsoeneer moet word met die oog op die algemene tekort in die land. Hy is in die rede geval deur 'n ander parlementariër met die woorde: „Waar moet die Minister die kos kry?”

Johannesburg was vir die grootste deel van verlede week sonder brood, terwyl daar teen die end van die week geen brood in Kaapstad gekoop kon word nie — altans nie oor die toonbank nie.

In dieselfde week het genl. Smuts by geleentheid van 'n

etmaal in Kaapstad daarop geroem dat Suid-Afrika 'n Thank You Britain-fonds vir die versending van voedsel na Engeland geopen het en dat hy „weke lank briewe van dank ontvang het vir die eerste besendings”. Maar aangesien daar nou broodsgebrek in ons land is, doen hy 'n beroep op die volk om goud te stuur in die plek van voedsel. Toe die fonds geopen is **AAN DIE BEGIN VAN HIERDIE JAAR** het genl. Smuts gepleit dat „grenslose dankbaarheid” betuig moet word by wyse van die stuur van

VOEDSEL.

Nou vra 'n naloper van die regering in die senaat waar moet die Minister die kos kry om te rantsoeneer, d.w.s. om toe te sien dat elke onderdaan sy beskeie deel van die beskikbare voedsel kry!

Suid-Afrika is 'n voedselproduserende land. Hy het nie voldoende brood om gelyke rantsoene in te stel nie. Engeland is 'n invoerland. Hy het nog soveel brood dat hy voorwaardes kan stel aan produserende lande, voordat hy aan rantsoenering dink!

Argentinië Skielik Nie Meer Fascisties

Nadat die Argentynse bewind vir 'n lang tyd deur die Geallieerdes beskuldig is dat hy „fascisties” is en Amerika tydens die onlangse verkiesing selfs amptelik propaganda gemaak het teen die huidige president, kol. Perón, vir wie hy

in 'n witboek daarvan beskuldig het dat hy met die Hitlerbewind gemene saak gemaak het, is verlede week berig dat 'n Russiese handelsafvaardiging in Argentinië aangekom het. Hierdie berig volg op aankondigings uit sowel Washington as Londen dat die Amerikaanse en Britse regerings die Perón-bewind nou erken, aangesien die verkiesing bewys het dat Perón 'n keuse van die volk is.

Midde-Ooste Kan Botsing Veroorsaak

„Ons moet sterk bly ten einde ons leierskap te behou, ons moet daardie leierskap beoefen met al die middels tot ons beskikking”, het pres. Harry Truman verlede week by geleentheid van die Amerikaanse leërdag verklaar.

Hy het beklemtoon dat die Nabye en Midde-Ooste ernstige vraagstukke inhou. Dit is 'n gebied van besondere ekonomiese en strategiese belang en daardie nasies is nie sterk genoeg om afsonderlik of gesamentlik aggressie te weerstaan nie. Dit is maklik om te verstaan, het hy gesê, waarom daar vandag geweldige mededinging van magte van buite is om 'n greep en houvas op die Midde-Ooste en die Verre Ooste te kry. So-danige wedywering mag botsings veroorsaak. Die president het dit aangevoer as rede waarom die V.S.A. se leër op sterkte gehou moet word.

Laat Johan Hefer

u help om Blakende Gesondheid te geniet en 'n Mooi Geboude Liggaam met Reusekrag te ontwikkel.

Leerling A. S. Louw, jnr., van Oliviershoek, Natal, skryf: „Vandat ek u kursus neem het ek nog geen verkoue gehad nie en my hoofpyne het verdwyn. My borsmaat het met 6 dm. vermeerder, my bo-arm met 3 dm., my bo-bene met 5 dm. en my kuite met 3 dm. Baie dankie vir u interessante kursus en raad.”

KURSUSSE VIR MANS VAN ENIGE OUDERDOM.

APARTE KURSUS IN GESONDHEID VIR DAMES.

Skryf vandag om nadere Besonderhede.


JOHAN HEFER

Bus 3494 KAAPSTAD

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.

Naam (Mnr., Mev., Mej.).....

Adres



JOHAN HEFER

Middelmann Kry Soveel Vir Oomblik Se Werk As Boer Vir Hele Jaar

Die demokratiese beheer oor die bemaking van druiwe het groot ontevredenheid onder die druiweboere van Wes-Kaapland en die publiek wat hierdie druiwe ten duurste moet koop, veroorsaak.

Die boere voel dat hierdie beheer oor hul produkte, omdat dit verkeerd toegepas word, ten koste van hulself en ten gunste van die middelmann is wat buitensporige winste op die druiwe kan maak en met die wins wat die boer toekom, heengaan.

Deur die beheer wat die Raad toepas, is die boere verbied om hulle druiwe op 'n ander manier te verkoop as deur middel van die kanale wat die Raad geskep het. Die Raad bied die boere 1.2d. per pond aan vir druiwe van 'n standaard-graad, en 2d. per pond vir druiwe van keurgetal. Dit beteken dat die boere vir 'n kas keur-druiwe van agtien tot twintig pond, 3s. 4d. ontvang. Hierdie druiwe word dan deur die Raad teen 5s. per kistie aan die handelaar verskaf. Die handelaar wat hierdie druiwe teen 3d. per pond koop, verkoop dit aan die publiek teen 5d. per pond. Hy ontvang dus 8s. 4d. vir die hele kas druiwe, en maak binne enkele oomblikke 3s. 4d. wins op die druiwe waarvoor hy geen sweet verloor het, of in die son gearbei het nie.

Die middelmann maak dus net soveel profyt op die druiwe wat hy binne 'n paar uur verhandel as die boer wat die hele jaar sy oes en sy stokke moes versorg.

Hy is in die unieke posisie om die sweet en arbeid van die boer uit te buit, en deel presies dieselfde voordeel as die boer wat onder moeilike omstandighede die produk moes lewer.

TE DUUR

Ten die tyd dat die druiwe aan die publiek verkoop word, is hulle net mooi 'n trippens duurder as wat die boer daarvoor ontvang het, en die prys so hoog dat die gemiddelde verbruiker nie in staat is om van hierdie druiwe te koop nie. Dit het dan in die afgelope seisoen gebeur dat die druiwe op die mark ophoop en vrot en later op die ashoop gegooi moes word omdat die prys van die druiwe te hoog, en die distribusie te swak gereël was. Duisende gesinne het gesmag na druiwe, maar hulle kon nie 5d. per pond betaal nie.

GEEN BEHEER

Dat die beheer 'n mislukking is, blyk uit die klagtes van talke persone dat druiwe aan hulle verkoop word wat bestempel word as 1ste graad wat nie aan die vereiste keurgraad voldoen.

BEDRYWICHEDE VAN KOMMANDO'S

Die Vrouekommando van Groote Schuur hou op Saterdag, 4 Mei, 'n basaar in die Komiteekamer, Groote Kerkgebou, Kaapstad. Behalwe allerlei lekkernye en naaldwerk wat te koop aangebied word, sal daar ook 'n ete tussen 12 en 2-uur bedien word. Tot die aand om 6-uur sal daar ook sop te kry wees.

Die funksie word om 11 vm. geopen deur genl. dr. Erica Theron.

nie. Tog moes hulle die prys van keurdruwe daarvoor betaal. Amptenare van die Raad het aan ons meegedeel dat hulle nie in staat is om die wanpraktike uit te roei nie. In sommige gevalle weier handelaars om trosses middeldeur te sny en laat die klante meer betaal vir die gedeelte wat oorgewig is, as wat

hulle geregtig is volgens die beheerde pryse.

Die regering skep dus 'n druiwehonger deur middel van sy hoë en onbetaalbare pryse. Die prys is hoër as wat die verbruiker kan betaal en so word uitgesoekte tafeldruiwe omdat daar geen afset voor was nie in die parskelders gegooi.

Ge-allieerde Pers Op Vlug vir Duitse Leiers

Die Neurenbergse wraakverhoor van die Duitse leiers het so 'n boemerang vir die Geallieerdes geword dat daar haas geen publisiteit meer aan die verhoor in die Engelse pers gegee kan word nie. Waar die oogmerk aanvanklik was om die leiers so swart te laat skilder dat die geskiedenis hulle nie weer sal kan herken nie, het die heldhaftige verdediging van die beskuldigdes ten gevolge gehad dat hulle deur die Duitse volk as helde begroet word. Net die teenoorgestelde is bereik as wat deur die aanklaers beoog was.

Verskeie Amerikaanse en Engelse koerante het reeds hul verslaggewers teruggeroep terwyl een Engelse blad sy korrespondent gelas het om nie meer as twaalf reëls per dag oor die verloop van die verhoor te stuur nie. Engelse koerante staan slegs 'n paar duim, — indien enige ruimte af aan die verhoor.

Die afname in belangstelling van die Amerikaanse en Engelse koerante moet daaraan gewy word dat die Geallieerdes teleurgestel is met die verhoor. Hulle het verwag dat die leiers wanneer hulle verhoor word, klein en nietig voor die wêreld sou staan. Hulle is bitter teleurgestel. Die „verhoor“ van die beskuldigdes het onsterflike helde in die geskiedenis van die Duitse volk gemaak. Die manier waarop Göring, Von Ribbentrop, Keitel en Hess hulle gedra het, het 'n golf van nasionale besieling oor die verslae Duitse volk laat gaan.

HOPELOOS

Die verloop van die verhoor kon vooraf so voorspel geword het. Die oomblik toe die Russe sitting gaan neem het op die regbank het hulle 'n baie swak saak heeltemal hopeeloos ge-

Geen Brood: Darem Koek

Berigte vanuit die hele land dui daarop dat die Unie swaar getref is deur die tekort aan koring. In die groot stede is die toestand besig om hande uit te ruk. Daar heers 'n chaos in die distribusie van brood. Duisende naturelle en honderde blanke gesinne het die afgelope week sonder brood op die Rand gesit. Bakkers in hierdie gebiede het hulle broodlewering met 25 persent ingekort.

In die Skiereiland is daar bakkers wie se meelkwota met meer as die helfte ingekort is. In Paarl, Stellenbosch en Kaapstad het talke persone sonder brood gesit. Oor die naweek veral was daar geen enkele brood in Kaapstad oor die toonbank te koop nie. Baie mense het koek gekoop in plek van brood. Koek was nog taamluk volop. In Paarl was die bakkers in staat om slegs die helfte van hul klandisie van brood te voorsien.

Vir die arm deel van die bevolking beteken dit naakte hongersnood.

Gebou Vorder Op Stellenbosch

Die groot nuwe gebou van Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk. op Stellenbosch, wat ongeveer £30,000 kos, het al ver gevorder. Die fabrieksdeel van die gebou wat 'n vloerruimte van 12,600 vk. vt. en die papierafdeling wat 'n oppervlakte van 3,780 vk. vt. beslaan, is reeds niteenstaande al die verdragings as gevolg van die gebrek aan materiaal, so ver dat die dak opgesit word. Die

bouers is al besig met die mure van die tweede verdieping van die kantoor-afdeling. Elektriese installasies is reeds in al die geboue aangebring.

Die kontrakteurs sowel as die eienaars is besonder tevrede met die vordering wat daar tot dusver in die moeilike tyd gemaak is. Daar word gehoop dat die gebou voor die einde van die jaar voltooi sal wees.

Dele van die masjinerie het reeds aangekom, maar die res word nog verwag. Die stakings in die V.S.A. mag die aflewering daarvan moontlik vertraag.

Honderdvoudig

Die O.B. het reeds oor en oor bewys dat hy vandag die beste advertensie-blad is. Van alle kante ontvang hy spontane getuigskrifte van adverteerders wat waardering uitspreek vir die goeie gevolge wat hulle gehad het. So skryf mnr. Andries Maree van Lichtenburg, 'n meubelhandelaar, as volg:

„Veelsgeluk met die blad. Die resultate regverdig die plasing van die advertensie daarvan honderdvoudig.”

Die Kopersbond Beperk

(Geregistreer onder die Maatskappywet 1926)

Hierdie is nie 'n prospektus nie maar 'n aankondiging dat ons nominale kapitaal nou verhoog is na

£1,000,000

KOPERSBOND bied aan:

1. Veiligheid vir u belegging.
2. Verspreiding van u belegging.
3. Goeie diwidende.

Met die verhoging van Kapitaal word 50,000 „B” aandele van £5 elk aangebied.

DIREKSIE:

DR. F. J. KRITZINGER
DR. J. H. PIENAAR
DR. F. F. BORCHARDT
J. N. B. SCHABORT
G. T. ROBERTSON

DR. C. J. S. STRYDOM
J. J. ACKERMANN
DR. H. J. LUTTIG
DR. F. D. DU TOIT-VAN ZYL

Skryf dadelik om prospektus aan:

DIE SEKRETARIS

Die Kopersbond Beperk
POSBUS 8363 JOHANNESBURG

Re-organisasie In Die Noorde

GEBIED C

Op die onlangse Gebiedsraadsvergadering van die Vrystaat (Gebied C) is genl. J. F. van der Merwe benoem tot waarnemende Gebiedsleier. Tot




Genl. J. F. v. d. Merwe

Hoofvrou is herbenoem genle. C. A. Meyer. Behalwe bogenoemde offisiere is genl. A. F. Schmidt en hoofkomdte. A. S. E. Yssel van Reddersburg aan-



Genle. Mev. Meyer

gestel as lede van die Uitvoerende Komitee. Tot lede van Gebiedsraad is gekoopteer prof. A. P. Malan van Bloemfontein, sen. Naas Raubenheimer, en



Senator Raubenheimer

genl. A. F. Schmidt, Hoofgenl. J. L. Uys is benoem tot derde lid van die Grootraad vir Gebied C.



Genl. J. L. Uys

Die Hoofgeneraals in hierdie gebied is genls. J. L. Uys van

Vrede, M. P. Wessels (Excel-sior) en H. A. J. du Toit (Fouriesburg). As stafhoof tree op genl. P. J. Grobbelaar.

GEBIED E

In Gebied E (Witwatersrand en Suid-Transvaal) is genl. J. G. S. Opperman van Delmas benoem tot Gebiedsleier. Saam met hom dien genle. K. Malan as Gebiedshoofvrou. Om die Gebiedsleier en Hoofvrou by te staan is hoofgenl. G. Puren en hoofkomdte. A. Röscher benoem tot lede van die Uitvoerende Komitee.



Genl. Opperman

Gekoöpteer tot lede van hierdie Uitvoerende Komitee is dr. Vera Buhrman, ds. J. J. Fick, prok. J. P. Gouws en mnr. J. van Wyk de Vries van Johannesburg.



Genl. F. J. Labuschagne

Genl. prof. F. J. Labuschagne van Potchefstroom sal voortaan sitting hê op die Grootraad as derde lid vir hierdie Gebied.

Tot hoofgeneraals van Gebied E is benoem, genls. G. Puren, B. J. Vorster, A. J. Lourens en genl. F. J. Labuschagne. Die stafoffisiere van hierdie gebied is genl. Barry Grobler.

GEBIED F

In Gebied F (Noord-Transvaal) is prof. H. M. van der Westhuysen en genle. C. W. Rautenbach tot Gebiedsleier en Gebiedshoofvrou onderskeidelik benoem. Hulle is albei van Pretoria. Hoofkomdte. prof. C. H. Rautenbach, mev. J. C. J. de Villiers, oud-hoofgenls. H. L. Neethling, N. J. R. Roets, oudgenl. J. P. S. Rossouw, en T. J. Büning is gekoopteer tot die Gebiedsraad.

Behalwe die Gebiedsleier en die Hoofvrou bestaan die Uitvoerende Komitee uit hoofgenl. prof. G. Cronje en hoofgenl. Louis Bootha.

As hoofgeneraals in hierdie gebied tree voortaan op genl. G. E. Gibson, P. de V. Wiid, prof. G. Cronje en Louis Bootha.

Genl. Louis Bootha het voortaan sitting op die Grootraad as derde lid vir Gebied F.



Genl. H. M. v. d. Westhuizen

SOOS ONS LESERS DIT SIEN

Mnr. B. J. Stander, Geelhoutkloof, pos Soutvlei, Tvl., skryf: Ek sien in ons O.B.-blad van 20 Maart l.l. dat prof. L. J. du Plessis sê: ons het nou saam met Engeland gekies. Dit is heeltemal reg: Kommunisme is 'n gevaar vir die Christendom. Maar gaan prof. Du Plessis nie nou op dieselfde spoor as genl. Smuts nie, deur met Afrikanerbloed Engeland se mag oor die wêreld verder en sterker uit te bou nie? Ek meen dat Duitsland reeds die mag van Rusland gebreek het. En dat hy (Rusland) absoluut nie bestand sal wees teen Engeland en die V.S.A. nie. As Engeland ons onafhanklikheid wil gee, dan goed, maar nie onder omstandighede terwyl ons mense nog

steeds vervolgd word nie. Engeland is oorsaak van al die moeilikheid. Gee Engeland eers 'n kans. Laat hy maar eers van die toneel verdwyn, dan sal ons help.

(U baseer u argument op die veronderstelling dat Rusland se mag reeds deur Duitsland gebreek is. Maar sê nou so 'n veronderstelling is verkeerd, moet ons dan eers wag tot Wes-Europa platgeslaan is voor ons die stryd met die „Kolossus“ aanbind, net omdat Engeland toevallig ook aan die kant van die Weste staan? Sou dit nie beter wees om eers saam te veg teen 'n gemeenskaplike gevaar en daarna weer die ou stryd aan te bind as dit dan nog nodig sal wees nie? — Red.)

Turkye Vertrou Vrede Nie

„Ons sal veg, al kies Brittanje en die Verenigde State ook die kant van die agressorland“, het die Turkse eerste minister verlede week gesê toe hy die houding van Turkye ten opsigte van Rusland se eise en aanspraak op die noordelike provinsies Kars, Ardahan en Atrvin, wat aan die Iraniese pro-


vinsie Azerbaïjan grens, behandel het.

Later is berig dat die Turkse owerheid besig is om voor te berei vir gebeurlikhede. Die regering het kragtens 'n wet op die „beskerming van die land teen die vyand“, wat onlangs afgekondig is, daartoe oorgegaan om mans tussen die ouderdomme van 16 tot 20 en 40 tot 60 jaar en vrouens tussen 20 en 40 jaar op te roep vir mediese ondersoek. Dit is gedoen met die oog op militêre voorbereiding om moontlike aggressie te weerstaan.

Russe Laat Net Stasie Oorbly Van Groot Stad

Vandat die Russe Mantsjoerye beset het, het hulle tussen 70 en 80 persent van die masjinerie van die land geroof, verklaar die blad Time. Hierdie masjinerie wat bestaan uit gereedskap, rollende materiaal, meule, gemiese uitrusting en appaarte, trokke, lokomotiewe ens., is na die besette Korea gestuur vanwaar dit na Rusland verskep is. Amptenare het verklaar dat na ses maande se besetting deur die Russe, die industrie van Mantsjoerye geruïne is. 'n Korrespondent wat 'n besoek aan die verwoeste gebied gebring het, verklaar dat Rusland besig is om sy eie nywerhede op te bou met die masjinerie wat hy in Mantsjoerye geroof het.

Die vroeëre groot nywerheidstad Mukden, is vandag 'n blote stasie op die Russies beheerde spoorweg na Dairen. Toe die burgemeester van die stad by die Russiese bevelvoerder gekla het dat die land beroof word, en dat hy 'n einde daaraan moet maak, het hy geantwoord dat die Russiese leër te magtig is dat hy 'n einde aan die roof kan maak.



WAARDE VIR GELD

Ons Gee Nog Steeds Leiding!
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE
(Eiens.) BPK.
Voortrekkeweg, MAITLAND.
Sien advertensie onder Doodberigte.

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERE en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Eiens.) Repert
MOOREMARK (Postbus 7183) Newtown

Paarl Monumentale-Werke
(Eiens.) BPK.
Posbus 220 — Bredastraat
PAARL (K.P.)

SKRYWE DIREK OM ONS NUUTSTE KATALOGUS

Direkteure:
L. A. B. Bohlman — M. Bohlman
Gevestig 1898

SCHOEMANELLO DRANK
Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste

KOOP DIREK TEEN GROOT-HANDELS-PRYSE

WYNE:
Fonkeiwyn 7/-
Lewenswyn 3/6
Vermouth 3/-
Hanekraai — Cocktail . . . 4/-

SOET WYNE:
Likeurwyn en Ou Port . . . 2/6
Ou Wit Port en Sauternes 2/6
Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel . . . 1/8
Jeripigo, Rooi en Wit . . . 1/9
Woester Hock en Pontak 1/7

SJERRIES:
Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë) Ou Bruin (Soetrig), Ou Oloroso (Soet) 2/6
Goue (Soet) 2/6
Speziale (Soetrig) 1/6
Sjerrig (Soetrig) 1/5

DROE WYNE:
Burgundy 1/9
Claret en Wit Droë . . . 1/6

BRANDEWYNE:
Super de Luxe 8/6
De Luxe 7/6
Ekstra Speziale 7/-
F.C. 6/6
Buchu 7/6

JENEWER 7/6
LIKEURS:
Creme de Cacao 7/6
Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoo 7/-
Naeltjie 6/6
Kersie, Alys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment 6/6
JENEWER-LIKEURS:
Lemoen en Suurlemoen 7/6

5% of 1/- per 2 afslag wanneer Kontant met Bestelling geantwoord word.

Voeg by 5/- vir kasse en bottels, en 15/- vir vaatjies wat vergoed sal word by terugsending. Word verkoop in 12-bottel-kassies of 6-gelling-vaatjies of grater. U kassies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. — Termen: K.M.B. plus trekgeld na oplyne. K.B.A. plus trekgeld na oplyne. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
JURGENS SCHOEMAN.
BUS 142 © OUDTSHOORN

MEER ENGELSE STEL BELANG

Die toenemende belangstelling in die Ossewabrandwag van Engelse kant blyk uit 'n uitnodiging wat genl. J. de Vos onlangs ontvang het om Engelsprekendes oor die Beweging toe te spreek in 'n voorstede-lyke huis van die Skiereiland. Na die byeenkoms het die aanwesiges te kenne gegee dat hulle graag binnekort verdere samesprekings sal wil hou op ander plekke in die stad.

Die O.B.-kantoor het ook in die afgelope tyd 'n paar besoeke gekry van 'n eerste offiser in die Britse vloot wat met groot belangstelling navraag gedoen het na die beleid van die Beweging. Hy het verklaar dat hy teleurgestel is met die ander organisasies waarmee hy te doen gehad het en dat hy getref is deur die uitlewing van die O.B. se gees van kameraadskap en hulpverlening.

DIE O.E., WOENSDAG, 17 APRIL 1946.

Vryheid Net Vir Kommuniste?

Een van die swakhede van die demokrasie is dat hy nie eens sy eie „beginsels” kan handhaaf nie. Onderwyl daar oorlog gestook is teen Duitsland omdat hy dan „fascisties” was en sy volk „regimenteert” — *Duitsland wat voor die oorlog geen werkloosheid of agterbuurtes geken het nie — was daar miljoene mense in die demokratiese lande sonder werk en het nog meer miljoene 'n sosiale dood in die agterbuurtes van die groot demokrasieë gesterf.* Maar die koerante van hierdie miljoene het aan hulle bevestig dat hulle „vry” is en toe die oorlog uitbreek het hierdie miljoene gaan aansluit om die „Duitse slawe” te gaan verlos uit hul verdrukking — te verlos van „fascisme”.

Die oorlog teen „fascisme” is nou gewen en die grootste deel van Europa is ingesluk deur die bolsjewisme of Russiese imperialisme. Maar dit hinder nie. Rusland wil hom mos maar net beveilig teen toekomstige aggressie. Dat Pole die Duitse stad Danzig moes afstaan aan Duitsland, was so 'n groot skending van Pole se demokratiese „vryheid” dat dit 'n wêreldoorlog geregtig het. *Dat Pole die helfte van sy gebied aan Rusland daarna moes afstaan om laasgenoemde te „beveilig” was in belang van wêreldvrede.*

En wanneer dit oor die kommunistiese ideologie gaan, weet die Britse eerste minister aan sy volk te vertel, soos kort gelede, dat die ideologieë hulle mettertyd by mekaar sal aanpas, maar vir Spanje is daar geen dergelike aanpassing nie! As daar egter vraagstukke ontstaan in die Midde-Ooste, wat 'n gebied is — *in die woorde van pres. Truman verlede week — „van groot ekonomiese en strategiese belang” dan word die demokratiese leërs gewaarsku om op sterkte te bly.*

HUL EEN BEGINSEL

'n Mens kan dus tot geen ander slotsom kom nie as dat die demokratiese maghebbers inderdaad geen ander beginsel het as dié van ekonomiese belang nie. En met dit voor oë kan 'n mens dan ook verstaan waarom daar miljoene werkloos voor die oorlog was in lande wat die lendene omgord het om te gaan veg vir „vryheid van gebrek en vryheid van kommer” en waarom diensende ook in ons land tydens die oorlog selfs werkloos gestel is ten einde hulle in die leër te druk.

Hierdie speletjie met die demokratiese volksmassas kan egter net so lank aanhou as wat daardie massas vatbaar is vir die propaganda van die Joodse-kapitalistiese pers. Maar in ons land wil dit voorkom of hierdie pret nou na sy einde begin loop. Daar was onlangs 'n baie ernstige, spontane staking aan die Rand van mynwerkers. Ten spyte van die geskreeu in die kapitalistiese pers dat dit „fascistiese” elemente is wat agter die beweging sit, het tweederdes van die mynwerkers hul eise deurgevoer. *Dit was veral oudsoldate wat aan die staking deelgeneem het. Die oudsoldate, wat nou weer gewone werkers of werkloos geword het, is deur die skaamteloze huigelry van die demokratiese woordvoerders ontnugter.*

JOODSE „SPRINGBOKKE”

Dit verbaas 'n mens dus dat in die aangesig van hierdie feit daar nog Joodse leiers soos dié van die Springbok-Legioen is wat oudsoldate — of werkers en werkloos, soos hulle vandag in die demokratiese praktyk is — uitnooi om deel te neem aan die uitdeling van „fascisme”, bedoelende daarmee die Ossewabrandwag. *Dit kan alleen daaraan toegeskryf word dat hierdie „Springbokleiers” nooit werklik aan die front teen „fascisme” geveg het en daarom nie die ontnugtering van die gewone soldaat deel nie.* Hierdie organisasie met sy Joodse leiding, wat beskou word as die militêre arm van die kommunistiese beweging in Suid-Afrika, het hom blykbaar ten doel gestel om „fascisme” en „oorlogsmisdade” met geweld uit te roei solank as wat die demokrate in die parlement nog besig is om te beraadslaag of hulle hul veldtog sal begin met 'n gekose komitee of wel 'n geregtelike kommissie.

WERKERSVERGADERING

Op 30 April hou die Ossewabrandwag sy jaarlikse werkersvergadering in die Johannesburgse stadsaal. Die Joodse leiers van die Springbok-Legioen is besig om die kommunistiese gepeupel op te rui om daardie vergadering te verongeluk. Die Ossewabrandwag het nog nie probeer om iemand anders se vergadering met geweld te onderdruk nie. Maar as die demokrasie bewind ook te swak is om sy beginsel van vrye spraak toe te pas en 'n stop te sit aan die onverantwoordelike opruiing tot geweld deur hierdie Joodse „Springbokke” wat verlede jaar gelei het tot die opbrekking van die H.N.P.-kongres, dan wil ons hulle die versekering gee dat die Ossewabrandwag in elk geval nie bereid is om hom van 'n kommunistiese gepeupel te laat hokslaen nie. Op 30 April hou hy sy werkersvergadering.

**DIEGENE WAT IN U BLAD ADVERTEER
— IS U VRIENDE —**

Die Jode-Vraagstuk

DEUR PROF. DR. J. A. WIID.

Vir die mensheid as geheel het die Tweede Wêreldoorlog, soos selfs 'n dwaas vooruit kon gesien het, min ou vraagstukke opgelos en baie nuwes geskep. Selfs die aanpakking, geswyg die oplossing, van ou voor-oorlogse probleme is vandag moeiliker as ooit. In vergelyking met die aaklige werklikheid van die na-oorlogse wêreld, skyn die paradysagtige toekoms wat die oorlogspropaganda nog enkele jare gelede so kwistig uitgeskraam het, as soveel sotterny. Vir diegene wat groot waarde aan die belofte van die oorlogspropaganda geheg het, lewer die huidige wêreld menige ontnugtering. Tot die ontnugterdes behoort sonder twyfel ook die Jode, wat in die vernietiging van Hitler se Duitsland Joodse voorspoed en geluk gesien het. Was die anti-semitisme van hierdie Duitsland dan nie 'n vername rede waarom hy vernietig moes word nie en was die internasionale Jodedom dan nie die gevaarlikste vyande van Hitler nie? En vandag na die oorwinning?

DIE JODEDOM IN DIE BEVRYDE EUROPA

Die Jode-vraagstuk, al gee die Jode aan hom 'n ander naam, is een van die baie vraagstukke wat die Tweede Wêreldoorlog seer seker nie opgelos het nie. *Die vernietiging van Hitler se Duitsland en die „bevryding” van Europa deur Russe en Engel-Saksers het nie antisemitisme uitgedelg of liefde vir die Jode gekweek nie.* Die wêreld is nog altyd met 'n vraagstuk belas wat skynbaar ewigdurend is. Hieroor laat oorsese berigte geen twyfel nie.

Volgens die Amerikaanse nuustydskrif *Time* het slegs een-derde van die Jode in Europa die oorlog oorleef. Europa het nietemin nog altyd 'n Jode-vraagstuk en antisemitisme sou nog vandag daar sterker wees as voor die oorlog. Dit is wel waar dat die regerings van Europese lande hul anti-Joodse wetgewing teruggetrek het. Lande soos Hongarye, Bulgarye en Roemenië is deur die wapenstilstand-voorwaardes gedwing om dit te doen. Ook die nuwe Oostenrykse regering het volle burgerlike regte aan Jode beloof. Dog orals in die „bevryde” Europa word Jode wat na hul ou woonplekke terugkeer, as onwelkome vreemdelinge behandel. Daar sou vir hulle geen herberg, geen kleding, geen voedsel en weinig simpatie wees. In Roemenië sou helfte van die Jode van liefdadigheid afhanklik wees. In Hongarye sou slegs elf persent van die Jode 'n eie lewensverdiensle hê en in Weenen waar daar voor die oorlog, d.w.s. onder Hitler, 180,000 Jode gewoon het, sou daar vandag slegs 500 wees wat vaste werk het. Selfs in Parys sou grond- en huisbesitters hulle in verenigings organiseer om die Jode te beveg wat hul ou besittings of woonplekke terugverlang. Aldus die Amerikaanse nuustydskrif.

JODE-VRAAGSTUK LEEF VOORT

Dit is nie die bedoeling van hierdie artikel om die lyding van die Jode in Europa te beklemtoon of te verkleiner nie. Daar is trouens baie meer nie-Jode as Jode wat in Europa gedurende die oorlog en ook vandag nog net so veel of meer gelyk het en nog ly. Dit is ook bekend dat die Jode deur hul internasionale konneksies in staat is om hul eie lyding harder aan die wêreld te verkondig as nie-Jode. Dit is selfs moontlik dat aan Joodse lyding ekstra publisiteit verleen word met die doel om 'n Joodse tuisle in Palestina sterker te propageer. *Wat hier wel onderstreep word, is die feit dat antisemitisme nie met die oorwinning van die Jode-vriende en beskermers en die vernietiging van die Jode-haters en -vyande uit die wêreld is nie.* Die Jode en ook die wêreld weet vandag dat antisemitisme nie 'n plantjie is wat net in die ontaarde gemoed van 'n fanatieke Hitler en sy kliek gegroei

het nie, soos in die verlede weer is. Die militêre oorwinning het nie die Jode-vraagstuk verwyder nie. Vandaar dan ook dat Jode net soos vroeër gretig is om van hul Joodse name en vanne ontslae te raak. Die Franse dagblad *Journal Officiel* bevat kolomme van kennisgewings waarin die Levys, Cohens ens. hul vanne in Dumont, Beaumonts ens. verander, en hierdie blad is seker nie 'n uitsondering nie.

PALESTINA 'N OPLOSSING?

Aangesien die Jode-vraagstuk in Europa nie opgehou het om te bestaan nie en Jode nie meer gewild geword het as in Hitler se tyd nie, is dit verstaanbaar dat Palestina groter aantrekkingskrag vir baie Joodse Jode gekry het. 'n Joodse tuisle in Palestina is egter nog geen uitgemaakte saak nie. Brittanje wat Palestina as mandaatgebied regeer, ry nog altyd op die horings van 'n uiters onaangename dilemma. Dit is bekend dat die Britte gedurende die Eerste Wêreldoorlog aan die Jode belofte gemaak het wat in stryd is met belofte wat hulle terselfdertyd aan die Arabiere gedoen het. Hierdie teenstrydige belofte het nie alleen vir Jode en Arabiere nie maar ook vir die Britte 'n lang en ongelukkige nasleep. Teenoor die Arabiere - Mohammedaanse wêreld sowel as teenoor die internasionale Jodedom met sy Sionistiese organisasies moet die Britte versigtig optree. Op die oomblik is dit die Jode wat met die Britse beleid in Palestina ontevrede is. Nasionalistiese Joodse organisasies het reeds herhaaldelik hul toevlug tot daad van geweld geneem. Op die oomblik is dit 'n gewapende vrede wat in Palestina heers. Die nabye toekoms sal bewys moet lewer of die Britte aan die Joodse eis gaan toegee, d.w.s. om die kwota Joodse immigrante na Palestina te verhoog of nie. Vir Londen borsorg die Palestynse vraagstuk sonder twyfel baie kopseer.

INTERNASIONALE BETEKENIS VAN JODE-VRAAGSTUK

Die hele Joodse en Palestynse vraagstukke is egter nie sake wat alleen Britte, Jode en Arabiere raak nie. Soos in die verlede, en vandag miskien nog meer as in die verlede, het ons hier met 'n aangeleentheid van internasionale betekenis te doen. Veer sal afhang van die houding van Washington en Moskou. Sal die sterk Amerikaanse Jodedom sy volle gewig ten gunste van sy Palestynse rasgenote in die stryd werp of sal die oliebelange van die Nu-Yorkse en Londense geldsakke in die Arabiese wêreld die deurslag gee? Wat gaan die houding van die Russiese Sfinks wees? Op die naburige Iran het Moskou ten spyte van Washington, Londen en die V.V.O. sy houvas verstewig. Gaan die Iraniese botsing hom in Palestina en ander naburige lande herhaal? As lid van die V.V.O., onder wie

Buitelandse Oorsig

Palestina en ander mandaatgebiede sorteer, sal Rusland geleentheid vind om hom te laat geld.

Intussen het die Jode-vraagstuk nie opgehou om te bestaan nie al neem hy ook hierdie of daardie ideologiese vorm aan. Vir baie Jode sal die woorde van Jackson, die Amerikaanse hoofaanklaer in die Neurenbergse hof 'n openbaring wees: „Ons beskuldig nie die manne in die beskuldigde-bank van ideologieë nie,” so het hy gesê. Was antisemitisme dan nie een van die ideologiese hoekstene van Hitler se Duitsland nie en het Duitse antisemitisme dan nie bygedra om 'n vreeslike wêreldbrand te veroorsaak nie?

Hf. Komdt. De Wet Oorlede

Met innige leedwese moet ons berig van die dood van hoofkomdt. H. N. de Wet, (Oom Hendrik) alom bemind, wat op 1 April oorlede is op sy plaas Vlakfontein, Lady Grey. Hy is begrawe op 2 April deur ds. Van der Merwe. Die kis was op 'n waentjie, belaa met kranse, wat getrek is deur twee osse. Sy wit ryperd was aan die spits van die stoet.

Die manne- en vrouekommando's en offisiere van omliggende dorpe het 'n erewag gevorm. Byna 300 persone het die laaste eer aan hom bewys.

By die graf het mnr. P. de Wet almal bedank namens die familie en genl. C. Roux hulde betuig namens die Ossewabrandwag. Hy was 'n getroue O.E.-offisier en 'n man wat sy Kerk en Volk lief gehad en getrou gedien het. Almal kon op hom staatmaak in tyd van nood. — (Ingestuur.)

Dr. Hans van Rensburg

sal 'n

Openbare Vergadering van

BLANKE WERKERS

toespraak in die

STADSAAI

Johannesburg

op

DINSAG, 30 APRIL

om 7.30 n.m.

Onder beskerming van die Ossewabrandwag.

OUD-GEÏNTERNEERDES

Almal wat weens politieke redes in die gevangenis of interneringskampe was tussen 1939 en 1946, word uitgenooi na 'n konferensie wat op Paasmaandag (22 April) in Pretoria gehou word. Diegene wat nog geen omsendbrief ontvang het nie, geliewe onmiddellik daarvoor te skryf aan:

Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes
Tudorgebou 38,
PRETORIA.

Uit Die Week se Nuus

HONGERDOOD VIR MILJOENE: Volgens 'n ondersoek wat deur Unrra ingestel is, sal daar binnekort 4,000,000 Chinese van honger omkom as daar nie gou hulp verleen word nie. Ongeveer 30 miljoen mense leef reeds op 'n hongerpeil. Sewe miljoen van hierdie hongerdendes is uit die provinsie Hoenan, die rysskuur van China.

DANKOFFER AAN BRITANJE: Wanneer genl. Smuts in die loop van die maand na Europa vertrek om die vredeskonferensie in Parys by te woon, sal hy 'n goudgeskenk aan Engeland oorhandig. Hierdie geld is ingesamel deur die People of Britain-fonds en bedra een miljoen pond. Die oorspronklike oogmerk was twee miljoen pond. Genl. Smuts het verlede week 'n dringende beroep op die volk gedoen om nog meer te gee, sodat sy sakke kan „uitbol“ as hy daar aankom.

MILJOENE VIR ATOOMBOMME: Die V.S.A. bestee jaarliks 400 miljoen dollar (± £100,000,000) aan die vervaarg van atoombomme en verbetering van die produk. Daar word ook aandag bestee aan die burgerlike gebruik van atoomkrag.

MILITÊRE UITGAWE: Nieteenstaande die oorlog op 'n maand na 'n jaar gelede beëindig is, is die Unie se militêre uitgawe nog £7,000,000 per maand. Dit sluit in militêre toelaes en betalings. Daar is op die oomblik nog 42,850 blanke mans in die militêre diens asook 5,700 blanke vroue. Dan is daar nog 'n totaal van meer as 20,000 kleurlinge en naturelle in die leër. Soos die Minister van Finansies in sy begrotingsdebat aangekondig het, sal die Unie se uitgawe as gevolg van pensioene ens. nooit weer die normale syfer van voor die oorlog bereik nie.

GAAN ONDERWYSERS INVOER: Die Administrateur van Kaapland, mnr. P. A. Myburgh, het verlede week verklaar dat die administrasie van plan is om onderwysers uit die buiteland in te voer om die tekort wat daar in Kaapland bestaan, aan te vul. Daar is 150 vakatures in die Kaapprovinsie wat nog gevul moet word.

KRISIS IN DIE ARBEIDERSPARTY: Mnr. Walter Madeley, leier van die Arbeidersparty het verlede week gedreig om te bedank en het reeds sy bedanking by sy partykoukus aangebied. Na verneem word is die krisis veroorsaak deur die Indiër-wetgewing.

DUITSERS STAAK: Die eerste georganiseerde onluste aan die kant van die Duitsers het verlede week in die Amerikaanse besettingsgebied plaasgevind. Negehoonderd arbeiders van 'n fabriek vir landbougereedskap het tot 'n hongerstaking wat vyf uur geduur het, oorgegaan. Hulle het dit gedoen as protes teen die besnoeiing van hulle rantsoene.

ROOF £1,000 OP STRAAT: 'n Blanke vrou is verlede week in Pollystraat, Johannesburg, van £1,000 beroof. Sy het van die bank gekom met loongeld van 'n firma wat sy vir die week gaan trek het. 'n Natuurel wat vermoedelik op haar koms gewag het, het die geld uit haar hand geruk en laat vat. Hy het 'n entjie verder in 'n motor gespring en verdwyn.

VROU AANGEKLA VAN MOORD: Die verhoor van mev. Vera Thomson het verlede week in Kaapstad 'n aanvang geneem. Sy word aangekla van

moord op haar man. Hy is op 6 Januarie l.l. in Houtbaai naby 'n windpomp aangetref met sy hoof verbrysel. Die saak dien voor regter Fagan en 'n jurie.

RUS AANGEKLA VAN SPIOENASIE: Die Amerikaanse hof het vasgestel dat daar vyf aanklagte van spioenasie teen 'n Russiese vlootoffisier ingebring kan word wat 'n paar weke gelede gevang is net toe hy aan boord van 'n Russiese skip wou gaan. Die Russiese ambassadeur in die V.S.A. het versoek dat hy vrygelaat moet word. Dit is geweier.

MINDER KORING: Die Britse skip Empire Stalward het tussen 200 en 300 ton koring minder in Durban aan wal gesit as wat dit oorspronklik sou wees. Dit is as gevolg van die bevriesing van die water in die tenk van die skip. Die bemanning van die skip kon die ys as gevolg van die koue weer nie verwyder nie en moes dus die vrug koring saam met die ys laai.

POSDIENS NA DUITSLAND HERSTEL: Die Posmeester-generaal het aangekondig dat die posdiens na Duitsland wat beperk is tot briewe van minder as een ons, en skoon poskaarte in verband met huishoudelike sake, weer ingestel is. Die koevert moet sonder lyne of ontwerpe wees, en die adres moet die volgende besonderhede bevat: die naam van die persoon, die dorp, die straat, die huisnummer, die provinsie, die nommer van die posgebied, die besettingsgebied en die woord Duitsland. — (Sapa.)

V.P. BEHOU SETELS: In die so pas afgelope provinsiale tussenverkiesings wat in Barberton en Wes-Rand plaasgevind het, het die Verenigde Party albei setels behou met meerderhede van 673 en 775 onderskeidelik.

ELLIOT HOU LAERTREK

Nieteenstaande die baie reën en ongunstige weersomstandighede het die mannekommando van Elliot 'n goed geslaagde laertrek gehou op die plaas Waterkloof van Oom Piet van Zyl, geleë in die skaduwees van die Drakensberge, vanaf 1 tot 5 April.

Die Laertrek het gestaan onder bevel van die Stafhoof, genl. W. P. van der Merwe, terwyl Jeugkomdt. H. Heunis van Alexandria opgetree het as instrukteur.

Komdt. M. P. Bezuidenhout, die plaaslike Kommandant, verdien alle lof vir die organisasie van die laertrek wat gereël was op die inisiatief van die plaaslike offisiere, die eerste in die geskiedenis van Oos-Kaapland.

Die lede van die kommando het self voorsien in die behoeftes van die laer, terwyl die vroue ook weer hul deel bygedra het deur die verskaffing van heerlike brood en beskuit aan die laergangers. Daardeur is minderbevoorregte lede van die kommando ook in staat gestel om die laertrek by te woon.

Oom Piet van Zyl en sy vrou, die eienaars van die plaas, het weer die tipiese Brandwag- en Boere-gees openbaar deur hulle vriendelike medewerking.

Woensdag, 3 April, is die treurige nuus in die laer verneem van die afsterwe van hfkomdt. H. de Wet van Lady Grey, van dieselfde generaal-skap. Die aand met die vlagstryking het die laergangers 'n paar oomblikke stil met geboë hoofde gestaan om so hulde te bring aan die nagedagtenis van 'n heengegane medestryder en offisier, en as simpatie-betuiing met die familie.

OGIES IN DIE NUUS

• VERSIENDHEID?

Die Indiër-Kongres in Suid-Afrika het, volgens Sapa, die verteenwoordigers van Rusland en China meegedeel dat die Indiër-maatreël voor die Unie-parlement inhou dat Josef Stalin, synde 'n gebore Asiaat, ook onder die ban-bepalings van die wet sal val.

'n Versiende wanhoops- of voorsorgmaatreël van genl. Smuts?

• SLAWE-ARBEID

Die Administrateur van Kaapland het verlede week in 'n toespraak bekend gemaak dat daar besluit is om Engelse onderwysers in te voer met die oog op die tekort aan leerkragte in die Provinsie.

Aangesien swak besoldiging aan die wortel van die tekort lê, kan binnekort 'n verklaring

- Verlang u na sosiale geregtigheid?
 - Streef u na 'n nasionale eenheidstelsel?
 - Bou PERSKOR uit om u te help veg daarvoor!
- Skryf aan die Sekretaris, Posbus 1411, Kaapstad.

van die Ministers van Binne-landse Sake en Poswese verwag word dat besluit is om staats-amptenare uit Engeland in te voer.

Met die voorbeeld wat reeds deur Frankryk en Engeland gestel is om goedkoop arbeidskragte van buite af in te voer, skyn dit of die stelsel van ingevoerde arbeid — of „slawe-arbeid“ soos dit genoem word wanneer dit op Duitse bodem plaasvind — gekom het om te bly, ook in die Unie.

• BEDREIGING

Die Cape Argus berig dat daar 'n moontlikheid bestaan dat die Uitsaakorporasie die parlementêre debatte in die toekoms op 'n afsonderlike golf-lengte sal uitsaai. Daar word nie verwag dat so 'n stap algemeen in parlementêre kringe verwelkom sal word nie — tensy die versekering vooraf gegee word dat dit nie opgevolg sal word met televisie nie. „Agbare lede mag voel dat so 'n inbreuk op hul tydverdrijf — na al die strenge voorsorgmaatreëls om die publiek uit te sluit van die parlamentsgebou — nie vergoed kan word deur selfs 'n £300-verhoging nie.

• OORERFLIK

By die begrafnis van die ou Volkebond verlede week het die Franse afgevaardigde die organisasie se dood toegeskryf aan die feit dat hy „deur die moondhede in die steek gelaat is“. Die Hollandse afgevaardigde het dit gewyt aan te veel gelykheid tussen die groot en klein moondhede, uitsluiting van sommige lande, en gebrek aan eensgesindheid by die lede.

Gelet op die handelwyse van die Russiese verteenwoordiger tydens die behandeling van die Persiese vraagstuk en die uitsluiting van verslaande moondhede en sogenaamde „fascistiese“ lande uit die nuwe Volkebond skyn dit of Volkebonde geneig is om aan dodelike erfkwalte te ly.

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.

SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD
Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.

Nou is u kans!!

om die jongste
Afrikaanse Klankrolprent
Pinkie se Erfenis
wat oral besonder groot byval vind, te sien!!

'n Uitmuntende voorprogram word ook aangebied. Neem u kans waar en bespreek u plek dadelik! Die land word tans met drie toer-eenhede bereis.

TOERPLAN:
SATERDAG, 20 APRIL:
EPPINGTUINDORP
MAANDAG, 22 APRIL:
KAAPSTAD, HOFMEYRSAAL
(Bespreek by Pienaar se Haarsny-Salon, Grootte Kerkgebou)
DINSdag, 23 APRIL:
DARLING en BARRYDALE
WOENSDAG, 24 APRIL:
MOORREESBURG en SWELLENDAAM
DONDERDAG, 25 APRIL:
HOPEFIELD en MONTAGU
VRYDAG, 26 APRIL:
LANGEBAAN en ASHTON
SATERDAG, 27 APRIL:
ROBERTSON

Vir Deftige Tabberds Twee-stuk Rokke en Somerhoede

Kom seker eers na

Steyns

DIE DAMES-WINKEL

PAROW

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU!

Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad

Werda

Meubelhandelaars,

(EIENDOMS) BEPERK

Grootte Kerkgebou — Kaapstad

DIE MOTORHANDEL

BIED

ONTSAGLIKE MOONTLIKHEDE President Motors Bpk.

BIED AAN TEEN PARI:

- (1) Vir veilige belegging met gewaarborgde diwidend: **5% AKKUMULATIEWE PREFERENTE AANDELE VAN £1-0-0 ELK.**
- (2) Vir moontlike kapitaal-appresiasie: **GEWONE AANDELE VAN 5/- ELK.**

Sodra £100,000 volgeskryf is, sal die direksie applikasie maak vir kwotasie van beide soorte aandele op die beurs.

ONDERSKRYF DEUR NASIONALE UNITS BPK., JOHANNESBURG, VIR 40,000 GEWONE AANDELE

Takbesighede te Bloemhof en Schweizer-Reneke, Tvl.
Direksie: Phil. J. Botma, Ben J. Pienaar en D. F. du Toit.

Ouditeure: Ryk Nagel van Meyer Nel en Kie.

Skryf nou aan:

DIE SEKRETARIS, Posbus 7638, Johannesburg.

ONS SAAK SKEP VERTROUE

LYCEUM KOLLEGE

Die Korrespondensie-Kollege waarop U al lankal gewag het: Die Kollege wat inderdaad diens lewer, teen die allerbillikste fooi.

Deeglike dog beknopte eksamenkursusse teen die LAAGSTE LESGELDE. Die dosente wat vir die kursusse verantwoordelik is, is onderwysers en gegradueerdes met jarelange ondervinding.

Laat die Lyceum Kollege — die Huisuniversiteit — u voorberei vir u lewenstaak met behulp van sy kursusse wat u sukses verseker, o.m. Stds. VI, VII, VIII (N.J.S.) en X (N.S.S.), Matrikulasie, Nasionale Handelsdiploma, Diploma in Landbou, Laer Diploma in die Bantoeistiek, Bantoeitale, Joernalistiek in die Skrywe van Kortverhale, Wetseksamens, Naturellewet- en -Administrasie, Boekhou, Sekretariskursusse, „Ken u Motorkar“ (Motorwerktuigkunde vir die leek), Engels vir Beginners, Besigheidsmetodes en Handel, Snel- en Tikskrif, Taalbond.

'N UITNODIGING AAN U.

Ons nooi u uit om aan ons te skryf. U sal nie spyt wees nie.

KNIP HIERDIE KOEPON UIT EN POS DIT NOU.

(Skryf in drukletters, potlood sal deug).

NAAM
ADRES
.....
Kwalifikasies (Standaard geslaag)
Kursus waarin u belang stel

Lyceum Kollege — Die Huisuniversiteit
Posbus 5482 **JOHANNESBURG**

Lees Hier !!

„Die O.B.“ se geklassifiseerde kolomne geniet al meer aandag en tevrede adverteerders oor die hele land verwittig die advertensie-bestuurder gedurig van die uitstekende reaksies wat hulle op hul geklassifiseerde advertensies kry. Brandwagte, „Die O.B.“ is reeds die nuusblad van die nuwe tyd vir u geklassifiseerde advertensies. Probeer een keer en oortuig uself. U bereik tienduiseende lesers oor die lengte en breedte van Suid-Afrika.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES.

Maatskappelijke Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25% afslag.

Standaardadvertensies:

Enkele plasinge (vooruitbetaalbaar): 8d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasinge: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasinge: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing. Intekengeld op „Die O.B.“ (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar.

stuur advertensiebestellings en intekeninge aan:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.,
Postbus 1411, Kaapstad.

GEBOORTE

LOTZ. — Aan Jan en Hentie (gebore Kieyhan) van Krugersdorp, 'n fris seun op 2 deser. Dank aan die Goeie Gewer.

LEACH. — Aan Danie en Thomas (geb. Naudé), Kimberley, 'n welgestelde Boeredogter op 9 April. Naas ons Alvermoende Heer, dank aan geneesheer en personeel.

HUWELIKE

LOUW-DE JAGER. — Ons, Jannie (De Waal) Louw, seun van mnr. en mev. Roelof Louw, Clanwilliam, K.P., en Hulle de Jager, enigste dogter van mnr. en mev. Roelof de Jager, Corona, Windhoek, wens hiermee aan familie en vriende bekend te maak dat ons op Vrydag, 12 deser, in die N.G. Kerk te Windhoek in die huwelik bevestig is. — Posbus 452, Windhoek, S.W.A.

SILWER BRUILOF

SCHOEMAN. — Deur wyle ds. C. V. Nel in die huwelik bevestig op 12 April 1921 te Oudtshoorn, Jurgens Schoeman van Botomsdorp en Marie le Roux van Bakenskraal, tans van Vaders Gawe, Oudtshoorn.

In die dae dink ons met liefde aan ons vader, wyle Philip Schoeman en ons suster, wyle May Fourie (geb. Schoeman) en met dankbaarheid jeens God vir ons ouers John en Adie le Roux, en ons kinders, Phillippe, Johnnie en Adie.

DANKBETUIGING

Mnr. en mev. Joof Haasbroek bedank alle vriende en vriendinne vir die belangstelling wat hulle getoon het tydens mevrou se siekte te Vryburg.

GRAFSTEENWERKE

Grafsteene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie. Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.

S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (E.D.S.) BEPERK (Jannie Cillie, Besturende Direkteur). VOORTREKKERWEG — MITLAND. Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

PERSOONLIK

BLJ JONK. — GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreld wonder teen grysheid waarborg herstel van grysheid vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

GRYSHAAR tot natuurlike kleur herstel of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Geld met bestelling. Kruiebehandelings vir alle siektes verkrygbaar. — „DIE BOEREVROU.“ Bus 7559, JOHANNESBURG.

RUMATIEK.

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyster sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

BETREKKING VAKANT

VERPLEEGSTERS. — Blanke dames benodig vir kraamruijting vanaf 1 Mei. Hoof geen ondervinding te hê nie maar moet lief wees vir babas en verpleging. Moet tenminste Std. VII behaal het, moet redelik tweetalig wees, moet intelligent, stiptelik, betroubaar wees, en moet 'n verantwoordelike besef hê. Salaries hang af van bekwaamheid en vordering. Persone onder 18 jaar hoef nie aansoek te doen nie. Treinkaartjie vergoed na een jaar diens. Skryf aan P.X., Posbus 1411, KAAPSTAD.

Wit u op aangename en produktiewe wyse u inkomste aanvul deur gebruik te maak van u spaartyd? Skryf om volledige inligting aan: VRIEND, Posbus 1411, KAAPSTAD. Baie het reeds hiervan gebruik gemaak.

Aansoek word gevra vir 'n betrekking as Organiseerder en Voorligtings-offisier vir die O.B., Gebied A. Salaries £30 p.m. plus lewenskosteloos. Reis-koste word betaal. — Aansoek met getuigskrifte aan die Stafhoof, Grootte Kerkgebou 603, Kaapstad.

Ondernemende jong man word gesoek om die sirkulasie van 'n nuwe tydskrif te organiseer en op te werk. Vergoeding uiters redelik. Vooruitsigte uitstekend. Doen aansoek by TYDSKRIF, Posbus 1411, KAAPSTAD.

BETREKKING GEVRA

PLAASVOORMAN soek betrekking in enige distrik. Deeglike kennis van melino-skaapboerdery en algemene plaasbestuur. Getuigskrifte op aanvraag. — Skryf aan: M. DE BEER, Osfontein, P/s. Damesfontein, Graaff-Reinet.

GEVRA

BETREKKING OF VENNOOT. — Soek betrekking of vennoot om besigheid saam te begin. Ek het die kennis en gereedskap, u steun ons met die geld. Ten volle gekwalifiseer met diploma van General Motors se karre. Laaste drie jaar werksvoorman by die firma F. C. en Holmes, Heilbron. — P. G. BOOYSEN, Leytsstraat, Heilbron.

BENODIG

DAMESKLERK. — Applikasies van dames sal deur die ondergetekende ingewag word tot 25 deser. Meld kwalifikasies, ondervinding en salaris verlang en wanneer dienste aanvaar kan word. Van die suksesvolle applikant sal verwag word om in die kleraste-afdeling van die winkel sowel as die kruideniers-afdeling behulpsaam te wees. — Doen aansoek by: P. J. T. DE VILLIERS, Bestuurder, Boesmanlandse Ko-operatiewe Handelsvereniging, Bpk., Posbus 12, Brandvlei, dist. Calvinia.

PLAASVOORMAN. — By voorkeur ongetrou, vir wingerd- en vrugteplaas. Verlang twee getuigskrifte van boere. Moet eerlik, hardwerkend en sober wees. Moet vrugteroom en trekker kan bestuur. Goeie salaris vir regte man. Skryf aan: J. F. THERON, Brandwag, TULBAGH.

HUISHOUDSTER. — Algemene hulp nodig terwyl huishoudster met vakansie is gedurende Mei/maand. Salaris £5 per maand. Skryf dadelik en meld ouderdom en ondervinding aan: VAN ZYL, Tullyallenweg, RONDEBOSCH.

HERSTELWERK

AANDAG! HERSTELWERK. — Vir herstelwerk en opknapping van alle elektriese apparate, t.w. ysters, stowe, warmplate, ketels, roosters, wetenskaplike instrumente, mediese, tandheelkundige en haarkappersapparate, ens., spreek M. ENSLIN, Van Heerdenstraat 156, Capital Park, Pretoria, of skakel: 2-7393. Alle werk geniet ons persoonlike en onmiddellike aandag. Eersteklas werk teen billike pryse!

ELEKTRIESE WAKE

vir alle ELEKTRIESE INSTALLASIES en BENODIGDEHEDE raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, PAARL. Foon 354.

VAKANSIEPLAAS

VAKANSIE. — Vir genotvolle vakansie, kos volop, ruim kamers, die paradys vir verliesdes, die ruoerd vir vermoeders. Billike terme. — MEV. A. BADENHORST, Vergenoegd, Riversdal.

TE KOOP

AUSTRALORP-HENNE. — Wit Australorpe-henne, 2½ jaar oud, gelewer op stasie teen 10/-. Baie goeie en skaars lê- en slagras. Verkoop weens koskaarsie. — JAN HAARHOFF, Uitkoms, Graaff-Reinet.

EERSTELAS UIESAAD. — Vroeë Kaapse Plat, Geel Uie, 8/- per pond. Australiese Bruin en Spaanse Bruin Uie, 6/- per pond. Silver King, 10/- per pond. Gesertifiseer No. 8163 en 6372. — GERT VAN ROOYEN, Bus 41, UNIONDALE.

GROENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beet 10/-; Blomkool; Sultana 20/-; Reliance 25/-; Spitz Koptool 12/6; Koel en Broos Komkommer 15/-; Tom Watson Waatlemoen 16/-; Blaarsaal 22/-; Little Gem Skorsies 12/-; Lang Wit Bos 13/-; Raap 7/6; Uie: Australiese Bruin 6/6; Kaapse Plat 10/-; „Silver King“ 12/6. Almal per pond. 2/- duurder op halfponde. Posvry. K.M.B. — PREMIER SAADKWEKERS EN VERSPREIDERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

GROENTESAAD. — Vars, gesertifiseer. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6; Australiese Bruin, 6/-; Chantenay Wortelsaad, 7/6; Detroit Beet, 7/6. — Skryf om volledige pryslys. Handelsnavrae verwelkom! — KAROO SAAD-VERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

HERHOLDT SE BEROEMDE VRUGTEHOMME versker tevredeheid, genot en profyt op die boereplaas sowel as in die dorpskern. ROSE: pragtige verskeidenheid van kleure. Bespreek nou vir winter planttyd en voorkom teleurstelling. Pryslys te vry. Bekoortlike gesorteerde HOLLAND SWAARDELIEBOLLE word binnekort verwag. 12/6 per dosyn. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE, Posbus 660, JOHANNESBURG.

CEDERBERG-ROOIBOSTEE (Eerste Graad Skied). — 'n Verfrissende en Verkwikkende Gesondheidsdrank. Vra u Handelaar om vir u te bestel. Die spesiaal-gekwakte, suiker Cedarberg-Rooibostee, vir geur en genonheid, direk van die verpakker: A. J. MOUTON, Gelukwaarts, CITRUSDAL, K.P.

„Die O.B.“ word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Grootte Kerkgebou 703, Kerkplein, Kaapstad.

Waar Unie se Ghwano Vandaan Kom EENSAME AMPTENARE

DAGOD-KUIKENS. — Gesonde opregte Wit Leghorn-dagoudkuike vir aflewering vanaf Junie teen £6 per 100 k.m.b. Broeitome van uitstekende bloedlyn is streng uitgesoek. Lewendige aflewering gewaarborg. — S. F. STIEMIE, Pk. Addo, K.P.

DAGOD-KUIKENS. — Verkrygbaar elke week: Dagoud-kuike vanaf Mei tot einde Oktober. Enige hoeveelheid. Dadelike aflewering, van Australorps en Leghorns en ook Leghorn-Australorpkruis. Almal gebroei van uitgesoekte hennet met hoë eierproduksie. Prys 66 per 100. K.B.A. of K.M.B. Ook broeipiek teen 15/- per 100 eiers te kry in my masjien met ruimte vir 40.000 eiers. — H. R. MALAN, Wettevrede-Pluinveeplaas, Pk. Kerfontein, Paarl. Foon 6203.

KARAKOELRAMME. — Volbloed en elite Karakoelramme, geteel direk uit beroemde Grootfontein-Stoet, 7 maande oud. Werk gedoen deur deskundige. Vra om besonderhede by: Haarhoff, Uitkoms, Graaff-Reinet.

MULE. — 10 Mooi Mule, geteel uit Spaanse donkie en groot boermerries. Ongeleerd en gespuit. Ouderdom 2½ jaar tot 4½ jaar. Prys £20 elk, gelewer op Bethal-stasie. — Skryf aan: K. P. STEENKAMP, Bus 172, Ermelo.

MEUBELS. — Swierige en duursame Tambolie- en Knaat-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabrieksprijs. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambolie“, Tel. 136.

PETRA-MEUBELS BPK. — Die goedkoopste Meubelwinkel in Pretoria vir kwaliteit-meubels. Radios in voorraad. Posbus 1356, PRETORIA.

PATATS. — Mooi, vars, wit, drie maande patats teen 15/- per 150 pond sak, gelewer Serpentine-sylyn. K.M.B. — P. J. GERBER (O.seun), Hoekwil, GEORGE.

SOUT. — Ondersteun u mede-Afrikaneer. Spesiale A1 59/-; Sneeuwit No. 1, 54/-; Wit No. 2, 49/- per ton, vry gelaai Soutwerke. — Adres: MEV. MARTIE VENTER, Posak Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN.

SOUT. — A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, gelaai in goeie sakke. Tevredeheid gewaarborg. Kontant met bestelling. Enige hoeveelheid onmiddellik gelaai. — MEV. F. DE BEER, Rusplaat, P.K. FLORISBAD.

SOUT. — Aandag Brandwagte. Die O.B.-Soutwerke bied aan: A1 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, kosteloos gelaai Soutpan. — Adres: VENTER EN DU PLOOY, Posak Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN.

TAFEL-AARTAPPELS. — Vars tafelaartappels, graad 1. Tevredeheid gewaarborg. 30/- per sak. Onmiddellike aflewering. V.O.S. Petrusburg. Kontant. — J. F. VENTER, Bosmansput, PETRUSBURG, O.V.S.

TAFEL-AARTAPPELS. — Heerlike vars, gesonde Up-to-Date Tafel-aartappels teen 32/6 per sak 153 lb. V.O.S. Bethlehem. Ek waarborg tevredeheid. S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM.

TWEE PLASE. — Leeufontein, groot 325 morg, verdeel in twee kampe. Fumke, groot 214 morg. Albei geleë aan Kimberley pad. 14 myl van dorp Petrusburg. 3 myl van naaste hant. Albei plase besit goeie gebroke bossie en grasveld. Helfte van Leeufontein is ploegbaar. Albei besit tussen 40 en 50 vrugtebome. Twee windpompe op Leeufontein en een op Fumke met 10 en 12 vt. wiele onderskeidelik, met groot dam van 40 vt. deursnee op Fumke. Al drie op sterk water. Woonhuis van 3 vertrekke, met miellestoor en kafferhul op Leeufontein. Prys £4 per morg. Helfte verband kan verkry word. Nadere besonderhede van J. A. KRUGER, Posbus 10, PETRUSBURG.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo kombuls- en handwasbakke, baddens, sepietse tenks, pilare, vloertels, voertroe. Enigste in beton. — Direkteur: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

WYNE

VYF GELLING Muscadell-keur £2 12s. 6d.; anker £3 17s. 6d.; 5 gelling Rool of Wit Muscadell, Jerpigo of Beste Ou Port £2 2s. 6d.; anker £3 2s.; 5 gelling Rool Soet Muscadell £2; anker £2 18s. 6d.; 5 gelling Worcester Hoek. Soet Sjerrie of Half-soet Muscadell £1 15s.; anker £2 11s. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnevale-stasie. Vantjies moet teruggestuur word. — J. C. JONKER, Wettevrede-Wynmakery, Posbus 6, BONNIEVALE, K.P.

EENSAMES

Die groot eilande soos Bird-en Ichabo-eiland is permanent beman deur een of twee persone en hulle huisgesinne. Hulle het toesig oor die geboue en sien toe dat niemand hom onwettig aan ghwano sal help nie. Met tussenposes word skepe daarheen gestuur om voedsel en ander ware aan die mense te bring.

Die ghwanoseisoen hang nou saam met die broeityd van die voëls. Op die suidelike eilande broei hulle reeds vroeg in November, terwyl hulle eers twee weke of dikwels 'n maand later op die kouer noordelikes begin broei.

Die bymekaar-skraping van die ghwano begin dus eerste in die suidelike eilande gedurende Maartmaand wanneer die jong voëls die neste verlaat het. Die meeste ghwano word verkry van die jong voëls in die neste en nie soseer van die groot voëls soos dikwels gemeen word nie.

DUISEND ARBEIDERS

Voor 1893 het die insameling van ghwano geskied onder 'n kontraktbasis. Daarna het die ghwano-insameling 'n onderneming van die staat geword.

In die verlede het die staat nog altyd skepe gehuur om die vervoer van die ongeveer duisend arbeiders, wat jaarliks gewerf word, en die vervoer van die ghwano te behartig.

Omdat nie een van die talle eilande seehowe het nie, moet die vragkepe ver in die see anker gooi, en word die sakke per roeiboort na die skip geneem.

Die werk duur ongeveer ses maande en gedurende Julie word die arbeiders afgedank.

VERKOOP

In Kaapstad, waarheen die ghwano vervoer word, word dit gemeng, klippe, ens., uitgehaal en uitgewee in sakke om aan boere verkoop te word.

Die jaarlikse oes is ongeveer 6,000 ton en maak die beste bemestingstof uit as gevolg van hoë fosfaat- en stikstofhoudende bestanddele. So 'n oes dek ongeveer 5 persent van die totale aanvraag vir die bemestingstowwe in die Unie en word aangevul deur kunsmis.

Omdat die oes so klein is, maak dit die distribusie daarvan besonder moeilik. Dit word aan applikante verskaf in verhouding met die hoeveelheid grond wat hulle bewerk. Die prys is £10 per ton waarop die regering £1 subsidie betaal sodat dit boere in werklikheid £9 per ton kos.

Ghwano word verkry van drie soorte seevoëls, t.w. duikers, malgasse en pikkewyne, voëls wat almal leef van vis. Die malgasse en duikers trek na elke broeiseisoen na warmer dele, terwyl die pikkewyne op die eilande agterbly.

MARKAGENTSAP

VROEE MORE-MARK

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR

EN VAN SCHOOR

Elenaar: GUSTAV RETIEF



BESIT U AL AANDELE

IN PERSKOR?

VIR DIE VROU

Werk Volgens Plan

Verlede keer het ons enige wenke aan die hand gedoen om die huisvrou te help om tyd te spaar. Om egter werklik sistematies te wees moet u volgens 'n werkskema werk.

So 'n werkskema sal verskil in elke huis en hang daarvan af of die huisvrou hulp het of nie, die grootte van die gesin, die grootte van die huis, die lewensstandaard ens. Die huisvrou stel 'n werkskema op nie alleen vir haarself nie, maar ook vir haar bediende, as sy een het. Die bediende se werkskema kan sy agter die kombuisdeur vassit sodat sy presies weet watter werk elke dag van die week van haar verwag word. Dan is u seker dat al die huiswerk gereeld gedoen word en werk wat weklíks gedoen moet word b.v. skoonmaak van messegoed, vryf van vloere ens., word nie oorgeslaan nie.

SKRYF DIE SKEMA NEER

Dis wonderlik hoeveel hel-derder mens self iets in jou brein agtermekaar het as jy dit 'n slag neergeskryf het. Huishouding, met sy uiteenlopende verpligtings, sommige waarvan dikwels gelyktydig uitgevoer moet word, veroorsaak soms verlies van die huisvrou se gesondheid en humeur. As u egter die werk van die dag glashelder in u brein agtermekaar het, en die tyd wat daarvoor tot u beskikking is voordat u begin werk, sal u baie meer in 'n korter tyd kan uitvoer.

Nuttige Wenke

GAATJIES IN U KOUSE?

Amerikaanse tekstieldeskundiges het met laboratoriumtoetse aangetoon dat kouse vier maal langer sal hou voordat gaatjies verskyn as u elke keer voordat u skoene aantrek 'n stukkie kerswas of paraffienwas oor die hak en toon vryf — as u net 'n dun lagie aansmeer sal dit nie die was van die kouse belemmer nie. U onthou natuurlik ook dat sweet in kouse die vesel meer beskadig as slytasie met die dra, daarom moet u u kouse elke keer uitspoel in warm seepwater as u dit aangehad het. Moenie 'n stuk seep op die kous vryf nie maar maak liever 'n seepoplossing deur seepflokke of seepsop te gebruik en spoel wees baie deeglik uit voordat u dit op- hang. Hang op deur met 'n wasgoedpennetjie die toon vas te knyp.

SORG VIR 'N SKER IN DIE KOMBUIS

Dis regtig baie handig. U gebruik dit om netjiese druiwetrossies vir die tafel te sny, die harde rant van spek af te sny, en dis baie makliker om rosyntjies met 'n skêr as met 'n mes te sny vir koek of poeding. Die skêr is ook byderhand om enige tyd papier te sny vir die kombuisrakke, of botterpapier in 'n koekplaat.

WIT VRUGTE WORD SO GOU BRUIN AS DIT GESKIL IS

Om dit te verhoed moet u geskilte appels, pere en kwepers 'n tydlang in soutwater laat lê voordat u dit b.v. in slaai gebruik. Druk bietjie suurlemoen-sap oor gesnyde piesangs om te verhoed dat hulle ontkleur.

'N HAK VIR U VOORSKOOT

agter die kombuis- of spensdeur is baie handig. Dan is die voorskoot altyd byderhand as u 'n werk in die kombuis het, en het u ook 'n plekkie om gou die voorskoot te hang as u onverwags gaste moet ontvang.

Stel dus u plan oordeelkundig op en skryf dit neer. U sal natuurlik van tyd tot tyd verbeter daarop of dit aanpas b.v. as u gaste het of as daar siekte in die huis is. Dis nodig om vooraf te bepaal hoe lank dit vir u neem om 'n bepaalde stukkie werk te doen, b.v. kamer aankant maak, 'n koek bak, skottelgoed was of tafeldrek. Neem in aanmerking die voorbereiding en opruiming wat gepaard gaan met 'n stuk werk as u tyd inruim in u werkskema daarvoor.

DAAR MOET RUSTYDJIES WEES!

Maak definitief voorsiening vir vasgestelde rustydjies op die werkskema en wel voordat dit drasties nodig blyk te wees. Gun uself 'n kwartiertjie om die oggendkoerant bietjie deur te kyk of 'n halfuur om klavier te oefen, en maak 'n reël daarvan om te gaan sit en u oggendete te geniet — dis nie tydverspilling nie, want u sal daarna baie lekkerder werk as wanneer u die tee somar staande in die werk weggesluk het. Ja, en daardie halfuurtjie op u rug na middagete is nodig! Fabriceienaars besef vandag die groot waarde van kort rustpouses vir hulle werkers, en waarom sal ons dit nie ook in ons huise toepas nie?

WAT VAN ONDERBREKINGS

U moet in aanmerking neem dat daar soms onvermydelike onderbrekings sal wees: onverwagte besoek die oggend, u buurvrou bel en gesels 'n halfuur, u moet onverwags gou dorp-toe gaan. Maar dis juis dan wanneer 'n werkskema so waardevol is omdat u presies weet watter werk nog gedoen moet word en hoeveel tyd daar tot u beskikking daarvoor is: u kan dus die werk maklik aanpas by die onderbrekings van die dag. Die verstandige huisvrou hou altyd die horlosie dop en werk daarvolgens — tussen hakies, 'n horlosie in die kombuis is baie gerieflik.

SOEK KORTPAADJIES

Probeer om altyd kortpaadjies te vind as u werk. As u

Middelburg Verloor Veldkornette

Vrydagoggend, 5 April, is veldkornette mej. Elsie Magdalena Schoeman, van Middelburg, Tvl., in die ouderdom van 61 jaar oorlede na 'n bittere lyding van byna 3 maande.

Sy was 'n getroue Brandwag sedert die ontstaan van die O.B. en gedurende die laaste 5 jaar as veldkornette van die kommando in die dorp.

Sy is Saterdagmiddag vanuit die Ned. Herv. of Geref. Kerk begrawe. Die lykrede is gehou deur ds. Hofmeyr. By die graf het verskeie sprekers elk 'n kort rede gevoer. O.a. het genl. H. F. Slegtkamp in sy kort maar kragtige rede namens die Vroue-kommando en die Boerejeug gewag gemaak van die getrouheid van die oorledene. „Haar toegewydheid as Afrika-ner en Christin sowel as Brandwag en as offisier sal nooit deur haar mede-Brandwagte vergeet kan word nie. Haar huis sowel as haar beurs het wyd opgestaan vir alle noodlydendes, sowel as vir voortvlugtiges”, het genl. Slegtkamp gesê. — (Ingestuur).

b.v. 'n kamer aankant maak probeer dit so doeltreffend maar so tydsparend moontlik doen: moenie twee keer om die bed loop as een keer voldoende sal wees nie! Leer uself om tafel te dek en af te neem met so min loperij moontlik. 'n Huisvrou loop myle af in haar huis en so baie daarvan is onnodig.

Rangskik u resepte, uitknipsels, huishoudelike gegewens, adresse wat u moet onthou ens. ordelik soos dit vir u beste pas. Een of meer plakboek is gerieflik, maar watter metode u ook al volg, sorg net dat u gou u hand op iets kan sit as u dit nodig het en nie tyd moet verspil met 'n sockery nie.

GEBRUIK PAPIER EN POTLOOD

Papier en potlood op 'n gerieflike plek is handig om gou iets te kan aanstip: 'n bestelling van die winkel, 'n boodskap wat u moet onthou ens. Papier en potlood by die telefoon, in die kombuis en in u slaapkamer is baie wenslik — 'n lei en grif- fie is ook handig. 'n Kalender

UITSLAG VAN DIE SPINWEDSTRYD

Die uitslag van die Spinwedstryd wat jaarliks uitgeskryf word deur die vroue van Gebied A, is as volg:

Eerste prys: Mev. A. S. Theron van Merweville.

Tweede prys: Mev. M. M. Landman van Wakkerstroom.

Derde prys: Mev. V. Ferguson van Uniondale.

met groot blokkies in die kombuis waarop u b.v. aanstip wanneer u ekstra melk gekry het, is gerieflik en help u tegelykertyd om u rekenings te kontroleer.

KOS KOUD EN VROU WARM!

In watter huis gebeur dit nie dikwels nie! Stel 'n tyd vas vir maaltye en bly daarby. Dan weet die gesin presies wat van hulle verwag word en sal sorg dat hulle daardie tyd tuis is — die huisvrou moet dan net nie op haar laat wag nie! Lui een klok sowat vyf minute voordat u gereed is dan kan almal betyds aan tafel wees: oneindig baie tyd word gemors deur te wag vir lede van die familie as die ete klaar is. Maaltye wil ons graag so aangenaam moontlik hê en juis daarom moet dit ordelik wees.

Mens kan baie leer deur er- vare, suksesvolle huisvrouens waar te neem en met hulle te gesels. Dit kos oefening om 'n huishouding suksesvol te organiseer sonder dat jou gesondheid, humeur en rimpellose vel in die slag bly, veral in hierdie dae van skaarste en toestaan!

AANDAG!

BELE IN PERSKOR EN VERSEKER DIE OOR- WINNING VAN DIE VOLKSBEWEGING!

Skryf aan: DIE SEKRETARIS, Posbus 1411 — Kaapstad.

BOERE

U EIE ORGANISASIE

AGRICURA LABORATORIA BEPERK

KAN NOU DIE VOLGENDE LEWER:

DDT-PREPARATE

- (1) **BOSLUIS SPUITSTOF** — 5% DDT met nog 'n insekdodende middel in 'n oplosmiddel wat nie die vel brand nie. Teen bosluise, perdevlieë, horingvlieg, steekvlieë ens. 1 gal. en 5 gal.
- (2) **VLEE SPUITSTOF** — 5% DDT met nog 'n insekdodende middel in 'n suiwer oplosmiddel. ¼ gal. en 1 gal.
- (3) **BROMMERSALF** — 16% DDT in 'n stywe salf, teen skaapbrommers, bosluise, ens. 1 gal. blikke.
- (4) **DDT POEIER** — 5% DDT in poeivorm teen luise, weel- luise, plantluise, kewers ens. 8 ons en 7½ lb.

ANDER MIDDELS

- (5) **MELKSALF** (Speensalf) — Hou spene sag, ontsmet en genees wondjies. 2 lb., 10 lb., 25 lb., 40 lb.
- (6) **FENPOEIER** (Fenotiasien) — 'n Wurmmiddel vir skape, beeste, perde, varke en hoenders; veral aanbeveel in die winter teen haar-, haak- en knoppieswurm in skape. 2 lb., 5 lb., 150 lb.
- (7) **OOGSALF** — Vir seer oë by alle diere. 1 ons bottels.
- (8) **WONDSALF** — Vir alle wonde; baie nuttig vir wonde na knopvlesiekte. 5 ons en 2 lb.

INSTRUMENTE

- (9) **BEK-OOPMAKERS** vir skape — Eenvoudig, doeltreffend, sterk.
- (10) **HAND-SPUITPOMPIES** — Vir bespuiting van diere, ge- boue, plante ens. (Gereed end April).
- (11) **BUL-RINGTANG** — Hou die bul vas en sit die ring in.

VERDERE MIDDELS EN INSTRUMENTE KOM.

Verkrygbaar by koöperasies, handelaars en ander boere-organisasies. Besonderhede, ook oor aande- le, verkrygbaar van die Bestuurder, Prof. Dr. H. O. MÖNNIG, Andersonstraat 204, JOHANNESBURG.

A.V.B.O.B

Lykbesorgers, Grafsteenmakers
Begravnisverskerars

Bloemfontein — Pretoria
190 Taktke

W. Voigt (Edms.) Bpk.

Fabrikante van

Kelder- en

Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.


ROELOU BARRY

(EDMS.) BPK.

GARAGES EN HANDELAARS

Vir Diens te:


Robertson — Montagu
Ashton — Bonnievale
Koebergweg, Brooklyn
Kaapstad — Laingsburg



GOEIE GEREEDSKAP...

is onmisbaar vir goeie werk.

U toekomstige welvaart het ook „goeie gereedschap” nodig —



'n Sanlam-polis

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE
LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.


TAKKE DWARDEUR DIE UNIE
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

Russiese Planne Vir 'n Sowjet-Duitsland

Die gevaar van die totstandkoming van 'n Sowjet-staat in Duitsland word in die Britse blad Review of World Affairs van 2 April behandel.

Russiese Handlanger



Rusland beywer hom vir 'n verenigde Duitsland onder sentrale bestuur. Hy hoop om daardeur die hele Duitsland vir die kommunisme te wen en sodoende 'n Duitse Sowjet-staat tot stand te bring. Op die foto is die kommunistiese leier in die Brits-besette gebied, Friedrich Dettman, besig om sy gehoor tot samewerking met die Kommunistiese Party te beweeg in hul stryd teen honger. Die eerste doel van die Russe is naamlik om alle partye in die Kommunistiese Party te laat opgaan — desnoods met geweld en dwang as mooi woorde nie help nie.

Springbok-Legioen Maak Fasciste, Sê Engelssprekendes

Die veldtog van die Springboklegioen vir die likwidasië van „fascisme” in Suid-Afrika begin reaksie uitlok van Engelse kant. 'n Leser van Burnside's Weekly skryf as volg:

„Dit lyk asof die Springboklegioen weer op iets uit is. 'n Tyd gelede het 'n driftige klomp oud-soldate 'n versoekskrif van duisende manne en vroue opgestel om te protesteer teen Fascistiese vergaderings in die stadsaal van Johannesburg. Die versoekskrif is aan genl. Smuts gestuur en volgens berigte heeltemal geïgnoreer.

Nou gaan ons vriende voort met die insameling van geld ter ondersteuning van 'n groot protes wat binnekort in die stad plaasvind. Die hoofdoel is natuurlik om 'n einde te maak aan die Fascistiese beweging in Suid-Afrika.

„Sonder enige oordrewe onreg aan die Springboklegioen, voel ek, is hulle besig om gekke van hulself te maak. Dit was as gevolg van die groot aandeel wat hulle geneem het in die organisering van die oproer buite die stadsaal in Johannesburg enige maande gelede, dat

hierdie oud-soldate-organisasie affiliasie geweer is met die British Empire Service League en die M.O.T.H.S.

ONDEMOKRATIES

„Ek besef die feit dat die organisasie daarop uit is om enigiets wat te doen het met Nazisme in die land uit te roei en 'n werklike demokratiese staat daar te stel. Ons voel almal so. Maar dit gaan teen die wette van die demokrasie. Wat is die nut daarvan om 'n demokratiese land met vryheid van spraak, vryheid van denke, en vryheid van leefwyse te hê, as daar teen die beginsels daarvan gehandel word om fascisme met geweld uit te roei?

„Die Springboklegioen werk tot voordeel van die Opposisie. . . Dit is baie duidelik dat baie Afrikaanssprekende persone wat die voorvegters van die demokrasie gesien het, nou sal omswaai en hulle ondersteuning gee aan die Fasciste. Dit kom so onnose! voor om demokrasie te verkondig en dan daar teen te handel.”

Drang na Veiligheid Baie Gevaarlik Sê Britse Blad

„Die Russiese optrede in Iran kan nie in isolasie beskou word nie,” skryf die Natal Witness in 'n hoofartikel. „Dit is net 'n ander voorbeeld van die so dikwels herhaalde Russiese metodes. 'n Russiese vyfde kolonne is sorgvuldig gekweek; met die verloop van tyd het dit hom op Rusland beroep as die groot beskermheer van die „onderdrukte progressiewes”, Rusland het toe met geweld ingetree en 'n regering en sosiale orde tot stand gebring wat heeltemal onder sy beheer is.”

„Dit is metodes wat nie veel verskil van dié van Hitler nie, en vir die baie wat die afskuwelike gruweldade van die linkse totalisme met dieselfde verfoeiing bejeen as dié van die regse totalisme, is daar blykbaar geen goeie rede waarom dit minder teengestaan moet word as die metodes van Hitler nie. Dit is na ons mening alte veel geduld in die geval van die verowerde en bevryde Oos-Europese lande. Vroeër of later sal diegene wat nie daarmee saamstem dat die oorlog geveg is om die wêreld voor te berei vir 'n linkse revolusie nie, verplig om die Russiese metodes te beveg; en die tyd om dit te beveg het aangebreek as dit toegepas word op 'n land wat nie verower en ook nie bevry is nie.

„As dit op Iran met sy olie kan toegepas word, sal dit nie in die toekoms op Skandinawië met sy yster en sy toegang tot die see, of op Turkye met sy strategiese posisie, toegepas word nie?

„Een argument word dikwels ter verdediging van die Russiese beleid aangevoer. Dit is dat sy motief is om homself geheel en al te beveilig. Volgens ons manier van dink, is dit in werklikheid geen verdediging nie. Wat ook al die persoonlike oorgewings mag wees, in politiek is dit nie die motiewe waarmee

rekening gehou moet word nie, maar die gevolge. As sy begeerte om homself te beveilig, Rusland genoodsaak het om homself te omring met lande wat geheel onder sy beheer staan, om 'n revolusionêre vyfde kolonne oral op te rig, en die leierskap van die wêreldwye linkse kruistog op te neem, is die begeerte na veiligheid net so gevaarlik as wat die sug na verowering kan wees. As die wêreld gesus word deur die argument van veiligheid en die onrusbarende beleid van Rusland deur die vingers gesien word, mag dit wakker word en homself onder die ystere hiel van 'n nuwe Genghis Khan te bevind, gewapen met die moderne wapen van 'n ideologie en deurdring van al die antieke wreedheid van die Steppe.

TIERVLEI BRING £55 OP

Daar is onlangs 'n baie mooi en goed geslaagde verkopings- byeenkoms, ten behoewe van die O.B.-Noodhulpfonds deur die vroue van Tiervlei gehou. Ds. F. P. du Toit, die plaaslike leeraar, het die verrigtinge met gebed geopen. Deur die verkoop van koek, handwerk, pannekoek, waatlemoenkonfyt, koffie en tee, is die mooi bedrag van £55 ingesamel.

Rentekoerse

Benewens die hoogstaande bankdienste waarvoor VOLKSKAS bekend is, bied die Bank ook die volgende rentes op die vermeldde deposito's aan:

2½%	per jaar op VASTE DEPOSITO vir 2 jaar
2%	per jaar op VASTE DEPOSITO vir 1 jaar
2%	per jaar op SPAARREKENING
3%	per jaar op BELEGGINGSER-TIFIKATE (opvorderbaar met drie maande kennisgewing)

Enige tak van die Bank sal met genoeg verdere besonderhede betreffende hierdie fasiliteite verstrek.

VOLKSKAS BEPERK

GEMAGTIGDE KAPITAAL £1,000,000
INGESKREWE KAPITAAL £1,000,000
GESTORTE KAPITAAL £ 781,787



BANKIERS

HOOFKANTOOR:
PRETORIA

„Sedert verlede herfs,” verklaar die blad, „het waarnemers verklaar dat Rusland ten gunste is van die vereniging van Duitsland en sal poog om 'n Sowjet-staat daar tot stand te bring. Nou het al die getuienis dit bevestig. As dit nodig is, sal hulle die Rooi leër terugtrek om dit te bereik. Dit is maande gelede aangekondig. Dit lyk asof die terugtrekking nou plaasvind.”

Die Kommunistiese Partye in Wes- en Sentraal-Europa het nuwe opdragte ontvang in hierdie verband. Onder die interessantste van al hierdie bevels is dié wat aan die party in Oostenryk gegee is, dat hulle alle anti-Duitse propaganda moet beëindig en nadruk moet lê op die samesnoering van die Oostenrykse en Duitse werkers. Die idee is verkondig dat die Duitse blok saam moet staan soos die Slaviese blok, en dat hierdie twee blokke hulle gewig gesamentlik moet ingooi, nie onder Russiese militêre beheer nie, maar volgens 'n algemene politieke beleid onder die leiding van enersdenkende leiers.

WEER GROOT

In Duitsland word die propaganda versprei dat die land alleen onder Kommunistiese beheer kan herstel en 'n groot wêreldmag word. Met miljoene reddeloses van alle klasse moet hierdie propaganda sukses behaal.

Intussen word die Anglo-Amerikaanse magte verminder en vervang deur 'n minder goeie tipe burgerlike wat dikwels nie in staat is om tuis werk te kry nie.

Militêre bestuur in 'n vreemde land is 'n baie onaangename saak wat wyse staatsmanne vermy as dit moontlik is, vervolg die blad. Maar as Brittanje en Amerika hul militêre magte in Duitsland terug roep, en dit vervang deur burgerlike administrasie, sal die Russiese plan vir 'n Sowjet-Duitsland dadelik op die voorgrond tree.

„Die enigste praktiese manier om te verhoed dat 'n Sowjetstaat tot stand gebring word, is 'n sterk en doeltreffende Anglo-Amerikaanse regering in ons besette gebied, totdat die hele Russiese vraagstuk afgehandel is en die gevaar verby is. As ons enige ander stappe doen sal ons vind dat daar 'n Sowjetstaat in Duitsland opgerig word wat ten nouste met Rusland sal saamwerk.”

Konferensie Van Oud-Geïnterneerdes

Die Bond van Oud-geïnterneerdes in Transvaal hou op Maandag, 22 April, 'n konferensie in Pretoria. Alle oud-geïnterneerdes wat in staat is om die vergadering by te woon, sien met gretigheid daarna uit om weer hulle kamerade wat saam met hulle die beker van vervolging gedrink het, te ontmoet.

Rys Vir Rotte

Die Durbanse tak van die Bond van Huisvroue het die Voedselkontroleur uitgedaag om te kom verduidelik waarom daar al vir meer as 'n jaar 'n groot voorraad rys in 'n stoor tot plafonhoogte opgestapel lê.

Die sakke is al deurgevreet deur rotte en muis wat vet word onderwyl mense van honger vergaan.